Dienelkander
Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Bedieningstema Desember 2024
Dankbaarheid (Kol. 3: 15-16)
1 Desember 2024

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds Piet Venter

In die lig van die jaar wat bykans agter ons lê, fokus ons vandag op “Dankbaarheid” as ‘n belangrike deel van ons geloofslewe. Ons kan tog nie anders as om dankbaar te wees wanneer ons terugkyk op die jaar wat verby is nie. Ons dankbaarheid teenoor God lê ten diepste gewortel in sy verbondstrou en liefde. Dat Hy ons van die donkerte van sonde en verlorenheid gered het en aan ons die Môreson geskenk het - Jesus Christus ons Verlosser! Hy wat nou met sy strale van genade en genesing oor ons skyn!

Dankbaarheid het ook altyd ‘n persoonlike kant in die lewe van God se kinders. Sagaria het dit op ‘n baie besonderse manier beleef omdat hy aanvanklik nie wou glo dat God se beloftes aan hom en sy vrou vervul sal word nie. Hy word as gevolg daarvan met stomheid geslaan! Eers toe hy moes erken dat God getrou was aan sy beloftes, breek hy uit sy stomheid los en jubel in ‘n lofgesang sy dankbaarheid teenoor die Here se troue liefde uit!

Kom ons sing met dankbare harte saam met Sagaria oor die Here se troue liefde ook in ons eie persoonlike lewe.

Tema: Van stomgeslaan tot lofgesang: Sing saam met Sagaria ‘n dankbare lofsang oor God se troue verbondsliefde!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 188: 1, 3; Lied 525: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 1 - 6: 1, 3; Votum; Seën; Loflied Sb. 3 - 1: 1, 3; Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Efesiërs 5: 1 - 20 ; Sing as antwoord op die wet: Lied 241:1, 3; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Lukas 1: 5 - 20 en
Lukas 1: 57 - 80
Teksverse: Lukas 1: 68 - 69 en 78 - 79
Sing Sb 4 - 3: 1,2; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Ps. 103 - 1: 11, 2, 9 ; Seën; Amenlied: Sb 13 - 1.

GROEPBEDIENING

Soos gereël in groepe. Die gespreksriglyn oor “Dankbaarheid” is na al die groepleiers versprei.

MEELEWING

- Giel Vermeulen word steeds in Medikliniek behandel nadat hy geval het.
- Jan Schutte (Saddlebrook) het geval en sy knieskyf gebreek. Hy is Woensdag geopereer en sterk tuis aan.
- Christo van der Walt se skoondogter in Australië het ‘n ernstige probleem met haar hart ondervind, maar sterk nou tuis aan.
- Rina Seyffert ondergaan Woensdag ‘n oogoperasie in MooiMed, in ‘n poging om haar sig te herstel.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BAIE GELUK

Alwyn en Monique Venter het Dinsdag ‘n seuntjie ryker geword.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Sap onder die tent
Kleingroepbedieninge

Maandag - Saterdag
Kersmark

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 2 en 3.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 1 Desember
Sr Salome Jonker *
Br Pottie Potgieter *
Sr Erika Rood
Br Riaan vd Walt

Maandag, 2 Desember
Br Ryan Bezuidenhout
Sr Kotie Heystek

Dinsdag, 3 Desember
Jsr Milan Esterhuizen

Woensdag, 4 Desember
Br Reitz Esterhuizen

Donderdag, 5 Desember
Sr Muschka Esterhuizen
Sr Chris-Mari Venter

Vrydag, 6 Desember
Sr Esta du Plooy

Saterdag, 7 Desember
Sr Ment Larney

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

KERSMARK: 28 November - 7 Desember 2024

Die Kersmark is aan die gang en die wiele rol! U is steeds welkom om te help waar u kan! **Ons het regtig hulp nodig in die kombuis!** Die hande is bietjie min gedurende die spitstye rondom middagete en aandete. Ons sal elke ekstra hand waardeer. Kontak vir Rieëtte as jy hier kan help.

GKSA-NUUS

Beroepe ontvang
- Proponent TJ (Theuns) de Bruyn na GK Hendrina/Carolina.
- Proponent JFR (Johann) de Waal na GK Pietermaritzburg.
- Ds PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Potgietersrus.
- Ds LP (Leon) van Jaarsveld van GK Brakpan na GK Delmas.
- Proponent AJ (Riaan) Wattel na GK Welkom.

Emeriterings
- Dr James Fatuse van GK iBhayi het op Sondag, 24 November 2024, sy afskeidspreek gelewer. Hy emeriteer 30 November 2024.
- Ds Jaco Putter van GK Potgietersrus lewer op Sondag, 1 Desember 2024 sy afskeidspreek waarna hy sy emeritaat aanvaar.

SORG-MET-EER PROJEK - EMERITAATSVERSORGINGSTRUST

Liewe brs. en srs.,
Aan die einde van 2024 kan ons met groot dankbaarheid terugkyk na die seëninge van die Here oor die afgelope twee jaar ten opsigte van die versorging van ons emeriti en emerituseweduwees.

2022 LEDEVERGADERING
Met 2022 se Ledevergadering het ons ‘n tekort van R11,5m per jaar oor die volgende 10 jaar in die gesig gestaar. Dit sou ‘n vermindering van 25% in die versorgingsbedrag vereis. Ons het egter nie die versorging verminder nie. Die kerke het besluit op ‘n spesiale projek, Sorg Met Eer, (SME) om deur die vrywillige bydraes van kerke en lidmate, die ramings en kollektes aan te vul met die R11,5m om die 25% verlaging te verhoed. Dit was die regte en eerbare ding om te doen.

2023 LEDEVERGADERING
Die Here se seën het nie uitgebly nie. Ons kerke en lidmate het positief bygedra, en deur die bewusmaking van Sorg Met Eer het die betaling van ramings en kollektes ook verbeter. Die syfers voor die 2023 Ledevergadering het veel beter gelyk en ons het besluit op ‘n 2,5% verhoging in die versorgingsbedrag, wat toe reeds vir ses jaar dieselfde gebly het.

2024 LEDEVERGADERING
Die 2024 Ledevergadering van 18/5/24 kon verneem dat die SME-berg van R11,5 oor tien jaar afgeplat het na R6m oor 5,5 jaar, en het weer ‘n verhoging van 2,5% toegestaan.
Ons kan nou met groot dankbaarheid berig dat waar daar vir die 1/7/23-30/6/24 boekjaar ‘n geprojekteerde tekort van R5,085,367 was, die werklike tekort slegs R613,004 was.

DIE PAD VORENTOE

As ons vir nog so vyf jaar kan volhou met die Sorg Met Eer projek en ons ramingsinkomste kan handhaaf, het ons die groot olifant in die kamer van 2022 opgeëet, stukkie vir stukkie! Ons kan die Here nie genoeg daarvoor dank nie!

'N LAASTE, EIND-2024 VERSOEK

Daardie R613,004 wat ons nog tekort geskiet het, is min of meer wat die 2,5% verhoging ons gekos het. Daardie verhogingkie was absoluut noodsaaklik. Kom ons probeer met 'n laaste Sorg Met Eer eindpoging in die dankbare gees van die Kersseisoen wat op hande is, om daardie R600k nog hierdie jaar af te dek!

Ons doen 'n beroep op al ons kerkrade, ons sustersorganisasies en ons individuele lidmate om 'n ekstra bydrae tot die Sorg Met Eer projek te maak, voor die gordyn oor 2024 sak. U kan dit per EFT doen in die volgende rekening:

Geref Emeritaatstrust, ABSA, rek. 670 288 412. Verw: SME, jou naam en gemeente. Bewys na wymiedup@gksa.co.za

EN: Stuur asseblief hierdie briefie deur aan al u lidmate en plaas dit in u Nuusbrief en op u digitale platforms.

Met groot dank,

Dr. Edmund de Beer — Voorsitter Deputate

Ds. Cassie Aucamp — Projekleier SME

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u

SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Riekie Storm en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KANSA

CANSA
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies in die voorportaal beskikbaar, spesiaal vir KANSA-bydraes!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
28 Nov - 7 Des	Don - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch